



Versorging van 'n donkie

Alle huis en plaasdiere, donkies ingesluit, moet gevoer en versorg word. Hier is die belangrikste riglyne vir die goeie versorging van 'n donkie.

'n Kamp met 'n goeie heining is noodsaaklik vir donkies. Die kamp moet genoeg gras vir voer hê en dit moet groot genoeg wees dat twee donkies genoeg oefening kan kry. Die mis moet gereeld verwyder word om die kamp skoon te hou.




'n Skuiling is baie belangrik vir donkies want hulle het nie 'n waterdigte haarbedekking nie. Die skuiling beskerm die donkies teen die wind, koue en son. Dit moet groot genoeg wees vir die donkies om in om te draai en daar moet ook strooi as beddegoed wees.



Donkies moet elke dag skoon en vars water kry. Hulle weier om vuil water te drink.

In die somer kan donkies **gras** eet, maar hulle het ook strooi (droë graanstoppels) vir growigheid nodig. In die winter, op plekke waar die gras sy voedingswaarde verloor, het donkies strooi en hooi (droë gras) nodig.



Borsel jou donkie elke dag om modder en dissels te verwyder.


In die vroegsomer begin donkies hulle winterjasse verloor en 'n rubber roskam is baie nuttig om te help om die los hare te verwyder.



Die hoeve moet gereeld met 'n hoefpik skoongemaak word. Net soos jou toonnaels geknip moet word, moet 'n donkie se hoeve ook kortgesny en gevyl word. Die persoon wat hierdie werk verrig, word 'n hoefsmid genoem. Enige seerplekke aan die pote moet gewas en behandel word.

Wurms is iets wat alle diere het. 'n Veearts is die beste persoon om raad te gee oor ontworming. Donkies kry nie vlooië nie, maar luise en bosluise moet beheer word.

Opgeleide donkies is baie geduldig en saggeaard en kom wonderlik met mense, en veral kinders, oor die weg. Donkies is nie regtig sulke hardkoppige diere soos daar soms beweër word nie. As 'n donkie weier om iets te doen, is daar gewoonlik 'n goeie rede daarvoor en dit is die eienaar se plig om uit te vind wat fout is.



Hierdie donkie word geleer om 'n halter te aanvaar.

Let op hoe deeglik die donkie se kampie omhein is.